

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 179

(September 1983)

In Christus REGVERDIG In Christus GEHEILIG

* * * * *

" . . . maar julle is geheilig, maar julle is
geregverdig in die Naam van die Here Jesus en
deur die Gees van onse God."

(1 Kor. 6:11)

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Regverdig voor God

Hofsitting

Die begrip geregtigheid gebruik 'n mens nie juis in jou gewone omgangstaal nie. Die woord se gebruike is hoofsaaklik beperk tot die godsdienstige sfeer.

En dan is die vraag waarom dit gaan: Hoe is ek regverdig voor God?

Om die inhoud van hierdie woord *geregtigheid* goed te verstaan, moet 'n mens daarop let dat dit uit die *regswêreld* kom.

Voor jou moet jy 'n *hofsitting* sien met iemand wat *aangekla* word omdat hy vermoedelik skuldig is aan die oortreding van 'n Wet. Maar in die hof is daar ook die *regter* wat hierdie aangeklaagde gaan oordeel.

Wanneer die regter sy uitspraak lewer, kan dit net een van twee dinge wees: die aangeklaagde is òf skuldig òf onskuldig. Iets anders as dit kan jy nie voor 'n regter wees nie.

Die aangeklaagde is òf skuldig òf onskuldig.

— As jy nou uit die regter se mond hoor dat jy onskuldig is, dan is jy regverdig voor hom.

— Die Bybel leer ons dat elke mens voor die *regterstoel van God* gaan verskyn.

Die aangeklaagdes

(Rom. 14 : 11): "So waaragtig as Ek leef, sê die Here, voor My sal elke knie buig, en elke tong sal God bely."

Van een ding kan elke mens hier op aarde seker wees en dit is dat hy eendag voor God sal moet verskyn.

Jy mag dit dalk nou regkry om die gedagte aan God en die gedagte aan die oordeelsdag en die dood uit jou denkpatroon uit te wis, maar die oomblik van waarheid sal een of ander tyd vir jou aanbreek, en dan sal jy God van aangesig tot aangesig *moet* aanskou.

Jy sal voor die lewende God as aangeklaagde staan. Jy sal voor Hom staan met jou volle belading sonde.

Jy sal voor die lewende God as aangeklaagde staan. Jy sal voor Hom staan met jou volle lading sonde. Nie alleen is jy besmet met dié sondes wat jy van jou eerste voorvader Adam af geërf het nie, maar jy gaan ook gebuk onder die sondes wat self begaan is. Daar was nie 'n dag — ja, selfs nie 'n enkele sekonde van jou lewe wat jy nie die wet van God oortree het nie. Elke dag maak jy jou sondes voor die Here nog

groter. (Rom. 3:10): "Daar is niemand regverdig nie, *sels nie een nie*". (1 Joh. 1:8): "As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onself en die waarheid is nie in ons nie". Dus: Alle mense gaan voor God as regter verskyn. Wat meer is: Almal is soos wat hulle in hulleself is, sondig!

Die Regter

Ons gaan op die laaste dag voor ons Goddelike regter verskyn. Maar hoedanige Regter is God? (Ps. 7:12): "God is 'n *regverdige* regter". Hy gaan die aangeklaagdes sonder aansiens des persoons oordeel — maar regverdig. Soos wat jy is, sien Hy jou.

(Ps. 33:7) (berymd): "Die HEER wat bo die wentelkringe van son en maan sy rykstroon stig, aanskou die mens en alle dinge — daar is niks bedek voor sy gesig".

Dit wat jy in die geheim gedoen het, sal in die openbaar aan die lig gebring word. Al wou jy

*Al wou jy 'n daad
verborgte hou in die
diepste skuilhoekie van
jou gewete — voor die
Here lê dit oop en bloot.*

'n daad verborge hou in die diepste skuilhoekie van jou gewete — voor die Here lê dit oop en bloot.

Al jou dade, al jou woorde, selfs al jou gedagtes (nog voordat dit by jou opgekom het) is aan Hom bekend.

Wanneer Hy 'n oordeel oor jou vel, dan neem Hy alles wat jy gedoen het in ag.

En dan moet Sy uitspraak oor jou eintlik wees: Jy is skuldig! Jou ganse lewe lank het jy die Wet van God elke dag oortree! Jy word veroordeel tot die dood.

Die hof se uitspraak

Maar nou weet die gelowige kind van God dat hy *nie* daardie uitspraak gaan hoor nie. Die gelowige word vrygespreek!

Hoekom!

Omdat hy as gelowige nie self voor die Regter hoef te verskyn nie, maar deur Jesus Christus wat vir ons intree by die Vader.

Deur 'n ware geloof word jy by Christus ingelyf. Deur die Heilige Gees word al die weldade wat Christus deur Sy versoeningswerk verwerf het, jou deelagtig gemaak.

Wanneer jy op die laaste dag in jou sonde-naaktheid voor die regterstoel van God verskyn, dan kyk God nie na jou soos wat jy in jouself is nie, maar Hy sien jou aan in Christus!

En in Christus verklaar Hy jou onskuldig!

Wanneer jy in Christus glo, dan is die skuldbrief waarop al jou sondes geskrywe staan, blanko. Jy is skoon gewas met die bloed van Christus. Die skuldbrief is saam met Christus aan die kruis vasgespyker.

*Deur die Heilige Gees
word al die weldade wat
Christus deur sy
versoeningswerk
verwerf het, jou
deelagtig gemaak.*

In Jes. 1:18 staan: "Kom laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal wit word soos wol."

(Ps. 103:2): "So ver as die ooste verwyder is van die weste, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons." En as God so sê, dan is dit so!

Plaasvervangende werk van Christus

God veroordeel die sonde. Die straf op die sonde is die dood, ja, die dood van die hel. Maar nou is die blye en bevrydende boodskap van die Woord juis dit! Christus het klaar daardie verskriklike vloekdood aan die kruis gesterf — *in ons plek!*

*Die straf wat op ons
moes neerkom, het
Christus gedra.*

Die straf wat op ons moes neerkom, het Christus gedra.

(2 Kor. 5:21): "Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees."

Alleenlik op grond van die soenverdienste van Christus word ons onskuldig verklaar.

Goeie werke

Goeie werke (d.w.s. werke wat in ooreenstemming is met die Woord van God) dra hoegenaamd niks by tot jou vryspraak voor God nie. Jy kan met jou goeie werke niks verdien of koop nie. Uit loutere genade word jy vrygespreek.

Maar natuurlik moet jy goeie werke doen om daarmee te bevestig dat jy voor God regverdig is. Jy doen goeie werke uit dankbaarheid vir dit wat God deur Christus, vir jou gedoen het.

'n Goeie boom dra goeie vrugte! Omdat jy nou reeds weet jy is vrygespreek, dra jy vrugte wat by jou bekering pas.

Ds. A. Grove

Heiligmaking

In die geloofslewe het ons nie toorwoorde nie. So is heiligmaking ook geen toorwoorde nie. Dit praat alleen van groot genade. Genade van God, oor 'n mens wat gekoop is deur die bloed van Jesus Christus. 'n Mens van wie God sy sondelas weggeneem het sover as die ooste van die weste verwyder is. (Ps. 103)

Heilig . . . making.

Met "making" het ons nie 'n probleem

nie. Dit beteken dat jy besig is met iets. Jy doen nie niks nie. Net so is die Gees van God nie besig om gedurigdeur net niks te doen nie. Die Heilige Gees maak heilig. Dit is waarmee die Gees van God hom besig hou.

Heilig is 'n baie ryk woord. Heilig beteken om aan God te wy. Dit beteken ook om van jou sonde verlos te wees, om aan God te behoort en om afgesonder vir God te lewe. Dit is heiligmaking.

Die offer wat die Here van my aansien is my gebroke hart oor my sondes. En ek sê dit vir God

Dit is om aan God te behoort en vir God te lewe. So kom die Heilige Gees die geloof in my werk deurdat Jesus Christus my sondes weggeneem het en ek my sonde elke dag voor God kan bely. Die offer wat die Here van my aanneem, is my gebroke hart oor my sondes. En ek sê dit vir God.

So begin ek stadig maar baie seker om volgens God se wil te lewe. Die Heilige Gees maak my heilig. Hy maak my gehoorsaam. Dit beteken nie dat ek nou die wêreld moet vermy nie. Dit beteken ook nie dat ek net heeldag moet sit en Bybel lees nie. Nee, dit is nie wat God van my verwag nie. God wil hê dat ek heeldag besig moet wees tot die eer van Sy Naam en na die beste van my kragte. God verwag dat ek my hele lewe op aarde so moet inrig dat God in alle opsigte daardeur vereer word.

Om heilig te wees is om gehoorsaam aan God se wil, net my beste te gee. Die volmaakte wag nog op ons. Maar hier op aarde leef ons tot eer van die Here.

Hou dan saam met my vas dat Satan ons nie van ons hemelse Vader sal kan skei nie. So kan ons altyd dan saam bly bid: "Laat U wil geskied in ons lewens". Ons leef gehoorsaam en tot eer van God.

God verwag van my dat ek my hele lewe op aarde so moet rig dat God die verering moet kry.

Ds. Andries H. Mulder

Jesus Christus is ons Heiligmaking

Wat beteken Jesus Christus vir jou?

Watter waarde en invloed het die Persoon en die werk van Christus in jou lewe?

Op hierdie vraag kan 'n mens uiteenlopende antwoorde verwag.

Sommige sal sê dat hulle nog nie eintlik daarvoor nagedink het nie.

Andere sal openlik verklaar dat die Seun van God nie juis vir hulle veel beteken nie.

Vir sommige sal Hy 'n ideaal wees om na te streef;

- 'n voorbeeld om na te volg;
- 'n dierbare herinnering uit die jeugjare miskien.

Vir andere weer is Hy hoogstens 'n interessante Persoon;

- 'n Omstrede figuur uit die gryse verlede;
- 'n Toonbeeld van jammerlikheid en mislukking.

Diegene wat naby aan Christus lewe, sal met vreugde en dankbaarheid bely dat Hy hulle Verlosser is.

Diegene wat naby aan Christus lewe, sal met vreugde en dankbaarheid bely dat Hy hulle Verlosser is;

- dat ter wille van Hom al hulle sonde vergewe is;
- dat Hy hulle met Sy bloed gekoop en Sy eiendom gemaak het;
- dat Hy vir hulle die vrypraak voor God en die ewige lewe verdien het.

Daar sal egter maar min mense wees wat sê dat Christus ook hulle *heiligmaking* is. En tog leer die Bybel dit baie duidelik:

- Wanneer Paulus sy eerste brief aan die Korinthiërs skryf, spreek hy hulle aan as: "*geheilgdes* in Christus Jesus". (1 Kor. 1:2)
- En in hoofstuk 1:30 staan dat Christus vir ons geword het "die wysheid . . . die vrypraak, die *heiliging* en die verlossing."
- In 1 Kor. 6:11 lees ons: ". . . julle is *geheilig* . . . in die Naam van die Here Jesus Christus . . ."

En om in die Naam van Christus geheilig te wees, beteken om geroepe, uitverkore en afgesonder te wees vir diens aan die Here;

- om jou geheel en al daaraan toe te wy;
- om afsydig te staan teenoor alles wat indruis teen Sy Woord en Sy wil.

Daar is baie mense wat die fout maak om te dink dat Jesus Christus ons slegs kom vrykoop en verlos het, en niks meer nie

Daar is baie mense wat die fout maak om te dink dat Jesus Christus ons slegs kom vrykoop en verlos het, en niks meer nie. Daar is mense wat dink dat Christus se verlossingswerk net ten doel het om die gelowiges eendag in die hemel te bring, maar dat dit met die lewe hier op aarde niks te doen het nie.

Daar word gretig bely dat Christus ons van die skuld en die straf van die sonde verlos het, maar dat Hy ons ook van die mag en die invloed daarvan bevry het, word dikwels

vergeet. Hy het ons nie net met Sy bloed gekoop en vrygemaak nie. Hy wil ons ook tot Sy ewebeeld vernuwe.

Deur Sy verlossingswerk word ons nie alleen salige mense, eenmaal in die hemel nie, maar ook nuwe mense hier op aarde.

Jesus Christus is nie slegs ons verlossing nie, maar ook ons *heiligmaking*.

In Hom is ons geheilig, en nou moet ons soos heiliges lewe — nie benede ons stand nie, maar waarlik as toegewydes in Sy diens en tot eer van Sy Naam.

*Jesus Christus is nie slegs
ons verlossing nie, maar
ook ons heiligmaking.*

Wie Christus leer ken en bely, en wie die lewe in Hom gevind het, hy sal homself verloën, hy sal die sonde bestry en oorwin, en hy sal God verheerlik met 'n dankbare lewe.

Wat beteken Jesus Christus vir jou?

By al Sy ander genadegawes, is Hy ook jou *heiligmaking*!

Ds. Pieter van der Walt.

Vrug van die Heilige Gees

Die werk van die Heilige Gees is om jou heilig te maak . . .

- af te sonder vir Christus
- voor te berei op die ewige saligheid
- te oortuig van sonde en te bring tot berou en skuldbelydenis.

En die vrug van hierdie proses, m.a.w. die reaksie van die mens op die werk van die Heilige Gees, kan ons saamvat as:

- goeie werke;
- of werke uit dankbaarheid vir die verlossing in Christus;
- of werke uit dankbaarheid vir die Heilige Gees in jou lewe. "Goed, toegegee" sou jy sê . . ." maar weet jy hoe moeilik is dit om hierdie vrugte te dra? . . .
- weet jy hoe moeilik is dit om altyd dankbaar te wees en jou nie oor te gee in opstandigheid nie . . .
- ja, weet jy hoe 'n stryd dit is om dag vir dag te volhard in goeie werke?"

Geliefde leser, natuurlik stem ek met jou saam. Vir my is dit nét só moeilik en net so 'n stryd! Maar weet jy wat is die oorsaak van hierdie stryd? Weet jy wat is die oorsaak van 'n insinking in dankbaarheid en goeie werke? Weet jy wat is die oorsaak van geloofsinsinking en geloofsoppervlakkigheid?

Die oorsaak of kortsluiting lê tussen ideaal en praktyk. Die probleem is dat ideale nie altyd so prakties is nie. Ideale veronderstel hoegenaamd nie uitvoerbaarheid of werklikheid nie. Of anders gestel: Die eis van die Bybel bots baie keer met die werklikheid van my lewe.

U ken dit . . . dink net bietjie:

Ideale is: voorspoed . . .
 vreugde ...
 geluk . . .
 rykdom . . .
 goeie werke . . .
 dankbaarheid . . .

En die praktyk? teëspoed . . .
 hartseer . . .
 ongeluk . . .
 armoede . . .
 bekommernis . . .
 opstandigheid . . .

Ja, ideaal en praktyk bots — dit kom in konflik en hierdie botsing bring geloofsinsinking en geloofskrisis. Die gestalte van die sonde doem in die praktyk op om die ideaal van God se Woord te oorheers! En weet jy wat is die gevolg?

- jy kán nie dankbaar wees nie
- jy kán nie goeie werke doen nie
- jy kan nie heilig lewe nie

— jy kan nie die Heilige Gees ten volle ervaar nie.

Gaan lees dan net gou Psalm 119:67 waar daar staan: "Voordat ek *verdruk* was, het ek gedwaal." En vers 71: "Dis goed vir my dat ek *verdruk* was." Ons kry in hierdie twee verse drie stadiums van die lewenswerklikheid.

Uit die leerskool van hartseer en beproewing straal die vrug van die Heilige Gees, nl. Dankbaarheid en goeie werke.

1. *Die eerste stadium:*

Voor verdrukking òf die stadium van *idealisme*. Dis vers 67: "Voordat ek verdruk was . . ." Dit lyk of dit goed gaan met die digter; hy leef kommervry; daar's voorspoed en vreugde; dit gaan met hom goed! Hy het die ideaal bereik. Maar let op wat doen hy in sy staat van idealisme: Hy *dwaal* weg van God en leef altyd verder en verder weg van God.

2. Dan breek die *tweede stadium* aan:

Verdrukking òf die stadium van *praktyk*. God verdruk hom; God tugtig hom; hy is soos 'n skaap sonder herder; verstrooi; verwar; in stryd met die praktyk en werklikheid.

3. Dan kom *stadium nommer drie*:

Ná verdrukking of die stadium van balans tussen ideaal en praktyk. Dis vers 71; Dis goed dat ek verdruk was. Ideaal en praktyk is mét God só naby aan mekaar, maar so ver van mekaar sonder God. Die geheim?: Jesus Christus. Léér dit uit Ps. 119:

God verdruk hom; God tugtig hom.

Uit die leerskool van die praktyk en uit die leerskool van hartseer en beproewing straal die vrug van die Heilige Gees, nl. dankbaarheid en goeie werke. En dit is die ideaal van enige lewe, om die vrugte van die Heilige Gees (dankbaarheid en goeie werke) te smaak.

Wanneer leef 'n mens die naaste aan God? Wanneer dra jy waaragtig vrugte?

- Is dit nie juis as daar ernstige siekte en beproewing is nie?
- is dit nie juis in tye van verdrukking nie?
- as jy in gevaar of benoudheid verkeer nie?
- as jy kaal gestroop word van hoogmoed, opstandigheid en selfversekerdheid nie?

Maar daardie kaal gestroopte boom met sy winterkleed . . . hy *lewe* nog. As die lente kom, blom hy en dra hy vrug. Is jy kaalgestroop deur God se beproewende hand? Lewe in die Lente van Christus en dra vrugte van die Heilige Gees:

- dankbaarheid
- goeie werke.

En onthou: Die Winter gaan verby . . . Lente kom . . . Ná die dag van aardse stryd sal God my opneem in Sy heerlijkheid (Ps. 73)

Ds. Nico Ligthelm